
# Soorte boerdery

## Graad 4: Geografie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Soorte boerdery



Op plase en in klein dorpies **kweek** mense dikwels hul eie kos. In dorpe en stede **koop** mense gewoonlik die kos wat ander mense gekweek het.





©

# Soorte boerdery

Boerdery behels die **kweek van plante** of die **aanhou van diere** vir kos.



Daar is twee soorte boerderye:

**Bestaansboere** kweek kos vir hulself en hul families.



**Kommersiële boere** boer met groot hoeveelhede landbouprodukte wat hulle verkoop.




**Kweek** is om iets soos groente of koring te plant.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Bestaansboerdery

Kweek kos vir **hulself** en hulle **families**.




- Plaas is kleiner.
- Daar word met 'n verskeidenheid produkte geboer, maar nie baie van een soort nie.
- Die boer kweek kos slegs vir sy eie familie of die bure langsaan.
- Daar is min arbeiders.
- Die werk word meestal met die hand gedoen.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kommersiële boerdery

Boer met **groot hoeveelhede** landbouprodukte wat hulle **verkoop**.




- Plaas is groter.
- Daar word met ‘n sekere produk geboer, maar in groot hoeveelhede.
- Die boer kweek kos om te verkoop aan winkels.
- Daar is baie arbeiders.
- Die werk word meestal met die groot implemente gedoen, bv. trekkers, stropers, ens.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Gevallestudie (Bladsy 50-51)

Bestaansboerdery




Mnr. Mati en sy familie besit 'n stuk grond van een hektaar in die Noord-Kaap. Soos hulle bure, is die Mati-familie van hul vee en gesaaides afhanklik vir kos. Hulle kweek mielies en groente, en hulle het vyf hoenders en 'n koei. Hulle het ook vyf skape gehad, maar na die laaste droogte het hulle die skape verkoop, want dit was te duur om voer te koop toe die weiding verdor het. Water vir die gesaaides kom van die rivier daar naby. Hulle dra die water met emmers aan. Soms kan mnr. Mati sy eiers en melk aan sy bure verkoop. Dan gebruik hy die geld om kos en klere te koop en skoolgelde te betaal. Hy spaar vir 'n nuwe graaf en pale om 'n heining op te sit.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Gevallestudie (Bladsy 50-51)

LAERSKOOL MIKRO

Kommersiële boerdery



Mev. Ngwenya en haar familie besit 'n plaas van 50 hektaar in die Limpopo-provinsie. Hulle kweek tabak en mielies wat verkoop en uitgevoer word. Die besigheid het 20 werknemers. In die plukseisoen neem hulle nog 10 werkers in diens. Die plaas het elektrisiteit en gebruik masjinerie vir besproeiing om die gesaaides water te gee. Mev. Ngwenya gebruik van die geld wat sy verdien om nog saad, bemesting en toerusting te koop. Sy betaal ook die werkers en mense wat die plaas se stukkende toerusting herstel. Die res van die geld gebruik sy om haar familie te onderhou. Sy is ook besig om te spaar sodat sy nog grond kan koop om 'n vrugteboerdery te begin.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Soorte boerdery

Kyk na die twee verskillende soorte plase hieronder. Watter tipe boerdery is elkeen en wat is die verskille tussen die twee tipes boerderye?





Laerskool Mikro Kopiereg ©